Deur die Gees van profesie het die bevel uitgegaan "om die lig te versprei deur die verkoop van boeke en tydskrifte." En met hierdie oproep is daar ook die middel verwerk om dit in werking te laat tree. Broeder George A. King, geïnspireer deur die getuïenis van 1879, het die gedagte gekry om 'n subskripsie boek uit te gee. Hierdie gedagte het hy in 1881 voor die Generale Konferensie gelê. Op die ou end is dit met seker aarseling aangeneem; en in 1882 het Broeder King 'n begin gemaak en al gou die eerste vyf honderd eksemplare van "Daniël en Openbaring" afgelewer.

Waarom het hierdie bediening van sy aanvang af so 'n wonderlike sukses gehad? Omdat "die Here Jesus by die kolporteurs staan, saam met hulle gaan as die *vernaamste werker*."—*Manual to Canvassers*," bld. 40.

O, as ons net wou toelaat dat hierdie waardevolle verskeuring ons harte en siele sôu gevange neem, wat 'n magtige stoot sou die bediening van die gedrukte blad dan ontvang! Die pogings van Broeder King het anders besiel, en stuk vir stuk is daar 'n kolporteursleër opgebou wat vandag amper drie duisend een honderd manne van verskillende rasse omvat, wat in amper elke klimaat onder die son arbeid, met 'n leesstof in 152 verskillende tale.

Wat 'n geskiedenis! Wat 'n inspirasie! Waarlik "die Here het Sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies." Maar, geliefde gelowige, "nie 'n vyftigste deel word nou gedaan om die waarheid te versprei wat gedaan kon word deur publikasies rond te gee en deur binne die geklank van die waarheid te bring algar wat beweeg *kan* word om te kom."

Ons het in ons hande 'n wapen wat deur die hand van die lewende God gesmee is, 'n wapen wat ons teenstanders verklaar as een van die beste in die godsdienstige tuighuis van die wêreld; 'n wapen wat onskat-

baar oorwinnings onder elke nasie, geslag, tong en volk behaal het, 'n wapen wat gesmee is om teenstand, vooroordeel, haat, beproewing en "al die vurige pyle van die Bose" te weerstaan. O, geliefde soldate van die Kruis, waarom staan julle met roestige swaard?

"Laat ons opwaak! Daar word oqrog gevoer. Laat ons marsjeer onder die bloedbevlekte banier van Prins Immanuel. Laat ons die goeie stryd stry. Die kosbaar ure van die genadetyd gaan verby. Laat ons *seker* werk vir die ewige lewe doen, sodat ons ons hemelse Vader mag verheerlik en die middel wees om siele te red vir wie Christus gesterf het."—*Review and Herald*, 13 Maart, 1888.

Wat 'n oproep vir elke Sewende-dag Adventis in hierdie Suidelike Afrikaanse Divisie—'n oproep aan u, my medewerker. Aan u, my broeder gemeentelid. Aan ons algar—jong en oud—broeder of suster, Europeaan, Kleurling of Naturel. 'n Oproep in hierdie gewigtige oomblik van die groot stryd, nou die *ewige* nag vinnig sy sluiers oor die laaste tonele van die geskiedenis van die aarde laat val. So *u* nie antwoord gee op hierdie oproep nie deur groter en meer blywendende belangstelling in die groot leesstofbediening wat tog "die middel van die Here is om die boodskap vir hierdie tyd *voortdurend* onder die aandag van die mense te bring."—*Colporteur Evangelist*," bld. 8.

Lees die getuïenis in die OUTLOOK aangaande die waarde van ons leesstof as 'n middel om siele te win, en gaan dan ootmoedig uit om te oes en gee die Here 'n kans om u te gebruik om 'n paar gerwe in te samel deur hierdie bediening. "Die behoefte van die uur is 'n ontwaking van die leke in al die gemeentes tot 'n besef van hul latente kragte en hul nadruklike verantwoordelikheid, en om daardie oneindige krag toe te pas op die program van die lewende Christus."—*Liberating the Forces of Christianity*," bld. 53, 54.

Geliefde broeder en suster, ons is gesante—nie aandeelhouders nie,—gesante van die Here. Ons durf nie toelaat dat die boeke en blaie wat die kosbaar waarheid bevat, verniet daar op die planke van ons uitgewershuse en boekdepôts bly lê nie. Ons moenie as bewaarders van die Boodskap van die Here vir hierdie laaste dag gaan sit nie, maar ons moet "uitgaan op die paaie en na die lanings" en "die woord van die lewe" bring. "Ons moet die publikasies na die mense *bring* en hulle *ding* om dit aan te neem."—*Colporteur Evangelist*," bld. 82.

Mag de Heilige Gees elkeen van ons 'n indruk gee van die groot reddende mag van ons leesstof, en mag Hy ons ook die verstand, moed en geloof gee om dit voortaan, soveel as maar moontlik is, te gebruik, "solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie."

## Opmerklike Getuïenisse

### 'n Vrugbaar Bediening

"Elke leier wat in gebreke bly om die vrugbaarheid van die leesstof in te sien, maak 'n groot fout. Dis maar 'n korte stap van die oomblik dat die leesstof in 'n veld begin te val, of die vermindering word ook gesien in die toebring van siele in daardie veld. Laat jul arbeid met leesstof na benede gaan en jul toebring van siele sal afkom. Laat jul arbeid met leesstof toeneem wat ook die omstandighede mag wees, en julle sal siele toebring."

C. H. WATSON,

President van die Generale Konferensie.

### 'n Waardevolle Bediening

"Die vraag van die verspreiding van die leesstof van ons genootskap is een van die belangrikste vraagstukke wat die aandag van ons genootskap kan besig hou. Die kolporteurswerk moet ons beskou as een van die mees waardevolle bronne in ons werk vandag."

J. L. McELHANEY,

President, Pacific Unie Konferensie.

### 'n Doeltreffende Bediening

"Die leesstofbediening is een van die kragtigste, mees ekonomiese en vrugbaarste middele wat die gemeente van die Here kan gebruik om die laaste waarskuwingsboodskap aan die mense te bring. Deur hierdie middel, so is aan ons meegedeel, sal die werk van daardie ander engel wat van die hemel afkom met groot mag en wat die aarde verlig met sy heerlikheid, groteliks gedaan word. As dit so is, dan volg dadelik die vraag: 'Help ons hierdie boodskapper van die hemel om sy heilige werk te doen?' Ons doen 'n ernstige beroep op al ons gemeentelede om hierdie deel van ons werk gunstig te oorweeg, en meer tyd te wil gee aan die werk van so 'n *doeltreffende bediening*."

### 'n Magtige Bediening

"Die leesstofbediening is 'n doeltreffende en bekwame bediening. Daarop rus die goedkeurende seël van die seën van die Here, want daardeur is siele gered, en het hulle by die gemeente aangesluit. Sonder die hulp van die leesstofbediening sou ons nie wees waar ons vandag is nie. Ons ken die magtige invloed van sy bediening in die redding van siele en gaan dus moedig die toekoms tegemoet."

N. C. WILSON,

President van die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie.

### 'n Geduldige Bediening

"Ek glo in die leesstofbediening en nou is dit tyd om die saad uit te strooi. 'n Seker Menr. Dreyer wat op die publieke paaie van Tete na Dedza (Niassaland) werk, stap een dag my kantoor binne en vra vir traktate oor die Tweede Koms van Christus. Toe ek hom die traktate oorhandig sê hy: "In 1914 het ek "Schreden naar Christus" en "De Komende Koning" van Menr. Dawid Groenewald in Bloem-



fontein gekoop. Ek het daardie boekies nooit gelees nie tot onlangs, en nou begin ek belang te stel in die Tweede Koms van Christus.' Dit wys dat die Gees van die Here besig is om die mense tot ondersoek van die waarheid te bring."

H. M. SPARROW,  
*Supt. van die Suid-Oos Afrik. Sendingveld.*

### 'n Bindende Bediening

"Dis nie alleen 'n groot middel tot evangelisasie maar ook 'n groot bewarende en bindende krag onder ons verspreide gelowiges wat dikwels sonder predikant is. Ek kan geen groter ongeval vir die saak van die Here indenk nie as om plotseling ontbloot te word van die leesstofbediening."

J. R. CAMPBELL,  
*Supt. van die Suid-Afrik. Sendingveld.*

### 'n Bevestigende Bediening

"As daar geen leesstofbediening was nie, sou daar baie min suksesvolle evangelisasie wees nie. Die oorgrote meerderheid van die wat blywende en gereelde lede word, het eers deur ons leesstof belangstellend geword. Die evangelis laat die skaal net oorslaan."

W. H. HURLOW,  
*Evangelis van die Suid-Afrik. Konf.*

### 'n Verbasende Bediening

"Ek glo dat as eenmaal die dae van die kolportasie verby sal wees en die ewigheid begin, ons dan met verbasing sal uitvind hoe baie siele daar deur die leesstof gewin is. Telkens weer kry ons hier by die kantoor berig van persone wat die waarheid aangeneem het as gevolg van die arbeid van ons kolporteurs. In die laaste welke het ons gehoor van verskeie wat baie belangstellend is, en een het definitief besluit om die waarheid aan te neem as gevolg van die arbeid van een van ons kolporteurs."

MEJ. P. E. WILLMORE,  
*Sekr. van die Godsdienstige Boekdepôt van die Suid-Afrikaanse Konferensie.*

### 'n Kragtige Bediening

"Ek het tevore gesê en sê dit weer dat ons in die muur van elke kerk wat ons bou, 'n tablet behoort te sit aan 'die Onbekende Kolporteur,' want alleen die Hemel weet hoe baie mense die waarheid aanneem as gevolg van die saad wat die kolporteur uitstrooi."

Ons het hier in Mafeking doopdiens gehou. Onder die wat gedoop is, was Broeder en Suster Swanepoel. Ons het die eer gehad om hulle in die waarheid te bring, maar hulle was reeds bevestig deur die lees van 'n boek wat 'n kolporteur, Broeder Van der Walt, jare gelede op die diamantdelwery van Lichtenburg verkoop het. Broeder Van der Walt mag gemeen het dat hy geen vrugte op sy arbeid sien nie, maar hier is twee diamante in sy kroon. Die boeke was 'Groote Stryd' en 'Die Bybel Duidelik Verklaar.'"

A. N. INGLE,  
*Evangelis van die Rhodesië-Betsjoanaland Konferensie.*

### 'n Invloedryke Bediening

"As gevolg van de lees van 'Daniël en Openbaring' het skrywer en sy vrou twee-en-twintig jaar gelede hierdie boodskap aangeneem. Later het Mevr. Pitt 'Bybellesings' in ons buurt verkoop en tien van die wat die boek gekoop het, het sedert met party van hul familieleden die waarheid aangeneem."

"Hierdie week het 'n naturel by ons kantoor aangeklop om boeke te koop. Hy vertel toe dat hy besluit het om die Sabbat te hou as gevolg van die lees van een van ons boeke; hy moes sy betrekking opgee, want sy baas het geweier om hom Sabbat af te gee."

"Met oortuiging en uit persoonlike ervaring sê ek dat ons leesstof een van die grootste middele is wat die Here ons gegee het om siele te win."

A. A. PITT,  
*Sekr.-Tes. van die Suid-Afrik. Unie Sendingveld.*



## Met die Gedrukte Blad in die Tagtiges

D. F. TARR

My verbinding met die leesstofbediening was altyd nou en gelukkig. Groteliks deur die lees van 'n boek wat Broeder Pieter Wessels my geleen het, het ek hierde dierbaar waarheid aangeneem. In 1888 na 'n studie met Ouderling Boyd wat met Ouderling D. A. Robinson in Suid-Afrika geland het, kort nadat ek die waarheid aangeneem het, het ek die leesstofbediening aanvaar en op die diamantvelde gearbei en intekenaars vir *Present Truth* gewin. Een van hulle—die vrou van die vroeëre burgemeester van Beaconsfield—het saam met haar man by die gemeente aangesluit. In die tyd het R. S. Anthony en George Burleigh wat saam met Ouderlinge Boyd en Robinson uit Amerika gekom het, die

eerste met ons subskripsieboekwerk in hierdie veld begin.

Toe ek later Amerikatoe gaan om in Battle Creek Kollege vir prediker opgelei te word, het ek tog voeling gehou met die leesstofbediening en op een van my somervakansies in Kanada meer as een honderd pond aan "Bybellesings" onder die mense verkoop.

Toe ek na Suid-Afrika terugkeer, het ek heel wat boeke verkoop soos "De Komen-de Koning," "Heralds of the Morning," "Christ's Object Lessons," saam met my publieke werk as evangelis. In die laaste jare het ek heel wat van ons Krisisboekies in die verskillende dorpe verkoop. Ek ont-hou nog goed die besoek aan een dorp. Ek het daar om vier uur die middag aangekom en dadelik begin kolporteer. Eer die trein die volgende middag om drie uur wegtrek, het ek een honderd boekies verkoop. *Reken, een honderd boeke in minder as twaalf werkure!*—F.E.P.) In Port Elisabeth het ek meer as een duisend van hierdie Krisisboekies verkoop. In al die jare het ek baie belang gestel om subskripsies vir die *Tekens van die Tye, vroeër Die Wachter* te neem. Ek het hierdie werk altyd baie geniet. In drie van die groot stede van die Unie—Johannesburg, Durban en Oos-Londen—alleen, het ek alles te same twee duisend twee honderd subskripsies geneem.

Die leesstofbediening was altyd vir my aantreklik en selfs nou, niteenstaande die ryp invloed van ses-en-veertig diensjare, doen dit my goed om nou en dan uit te gaan in diens van die gedrukte blad.

Ek waardeer die siele-winnende waarde van ons leesstof en besef dat die end naby is, daarom wil ek met erns die aandag van ons lesers van die *OUTLOOK* vestig op die volgende belangrike woorde van die Gees van profesie: "Voed ons jong manne en vroue op en leer hulle om die boeke te verkoop wat die Here deur Sy Heilige Gees Sy diensknegte laat skryf het."—*"Kolporteur Evangelis,"* bld. 23.

## Kampvergaderings in die Sendingvelde van Noord-Rhodesie en die Kongo

J. F. WRIGHT

In die eerste week van Julie het skrywer vir drie maande die Divisie kantoor verlaat om die kampvergaderings in die Noorde te gaan bywoon. By sy terugkoms op die kantoor meen ons dat die lesers van die *OUTLOOK* seker 'n korte oorsig van hierdie vergaderings sal waardeer.

Te Boelawayo het ek Ouderlinge Elliott en Boger ontmoet en saam met hulle na Livingstone gereis waar ons die Sambesirivier opgevaar het tot by die sendingstasie Katima Moelilo waar Broeder en Suster G. W. Willmore is. Ons het 'n paar dae die gasvryheid van hul woning geniet. Verskeie honderde naturelle het ingekom vir die kampvergadering en die naweek het

ons 'n ware geestelike fees gehad. Sondagmiddag is daar een-en-veertig kosbare siele gedoop. Die vooruitsigte vir die sendingwerk rondom hierdie stasie is baie bemoedigend. Broeder en Suster Willmore is vol moed. Hulle staan met hul naturel onderwysers en evangeliste bymekaar om die werk vorentoe te druk.

### Roesangoe-Stasie

Daarna het ons Roesangoe in Noord-Rhodesië besoek. Meer as vyftien honderd naturelle het daar vir kampvergadering saamgekom. Verskeie van ons Europese broeders en susters was teenwoordig; ons het vir hulle spesiale dienste gehou, behalwe elke dag die algemene dienste.

Ouderling Mote en sy werkers het alles goed bestuur, sodat dit een van die beste vergaderings was. Sondagmiddag is daar meer as 190 persone gedoop en in die gemeente opgeneem.

#### Chimpempe-Stasie

Van Roesangoe het Ouderlinge Boger, Elliott en skrywer noordwaarts gereis tot N'dola. Hier het Ouderling Elliott ons verlaat om vergaderings te Elisabethville en Songastasie te gaan hou. Ouderling Boger en ek het met die motor Chimpempetoe gery en ondanks 'n oponthoud van ses-en-dertig uur met die kar het ons veilig by die sendingstasie aangekom waar ons hartelik deur Broeder en Suster Mason en hul ou vader verwelkom is.

Ons het 'n aangename tydjie daar deurgebring. Die werk is vorentoe. Meer as vier honderd natuurle het die dienste bygewoon—die grootste aantal wat ooit hier vir 'n jaarlikse diens opgekom het. Sondagmore is daar een-en-veertig gedoop. Chimpempe se invloed word groter en daar is 'n goeie skool. Hul nuwe kerkgebou is amper klaar. Ons was baie tevrede met wat ons op die stasie gesien het.

#### Gitwe, Rwankeri en Ngomastasies

By ons terugkeer na N-Dola het ek Broeder Boger agtergelaat en Ouderlinge Elliott en Bozarth te Boekama in Belgies Kongo ontmoet. Binne vyf dae was ons in Roecanda waar die Gitwe, Rwankeri en Ngomastasies is.

Vrydagmiddag, presies anderhalf uur voor die eerste diens van die kampvergadering sou begin, het ons op Gitwestasie aangekom. Die naweek het ons baie dienste gehou. Die opkoms Sabbatmore was vyf duisend; dis die grootste opkoms wat hulle ooit hier gehad het. Dit was indrukwekkend om Sabbatmore honderde natuurle oor die koppies te sien aankom. Die boodskap het in die laaste jare wonderlik vruggedra in die omgewing van Gitwe.

Wat veral van belang was, is die evangelisasiewerk wat onder toesig van die sendingstasie gedaan is. Gedurende Junie en Juliemaande het Europeane en Naturelle werkers saam met hul Sendingvrywilligers ses-en-negentig series vergaderinge gehou met die gevolg dat ag honderd persone bekeer is en die Bybelklasse bywoon. Daar is "n geruis van voetstappe" om hierdie stasie en hier word 'n groot werk gedaan.

Van Gitwe het ons sestig myle verder na Ngomastasie oorgesteek. Hierdie stasie lê aan die oostekant van die Meer Kivoe en is agtien maande gelede gestig. Dis 'n pragtige plek en aan al kante digbevolk.

Dit sou ons eerste kampvergadering wees en nogal midde in die week. Ons was dus benuud hoe die opkoms sou wees. Maar hoe verwonderd was ons toe daar by die eerste diens twaalf honderd mense opgekom het. Daar het 'n goeie gees geheers gedurende die orige ses dienste. Ons was baie tevrede oor die eerste kampvergadering te N'goma.

Ouderling Matter volg 'n goeie evangelistiese program en het alreeds ses skole

geopen. Dr. Sturges het 'n groot mediese werk. Elke week kom daar vier tot vyf honderd mense om ingespuut te word. Mej. Matter help in die hospitaal en die apteek.

Ons volgende plek in Roecanda was Rwankeri, 125 myl noor van Gitwe. Hier kry die Broeders Monnier en Moolman dit swaar. Hul evangeliewerk word bitter teëgestaan deur die ander genootskappe. Ondanks dit alles het honderde in die laaste maande die waarheid aangeneem. Nog nooit het skrywer 'n meer indrukwekkende gesig gesien nie as die Sabbatmore toe ons voor die woning van Broeder Monnier staan en ons sien hoe die mense van alle kante aankom, totdat daar meer as ses duisend van hulle die Sabbat-skool en preekdiens bygewoon het. Hulle het van heinde en ver gekom en hul gesang het die lug met melodie vervul. Dit het 'n diepe indruk op ons gemaak.

Terwyl Ouderling Elliott met die grootmense praat, het ek diensgehou vir meer as een duisend kinders. In al my besoeke aan sendingstasies in Afrika het ek nog nooit so iets gesien nie. Ons was baie bemoedig oor wat ons op hierdie drie sendingstasies in Roecanda gevind het. Mag die Here ons werkers help om te sorg vir die groot oes van siele wat onder hul arbeid die boodskap aanneem.

#### Op pad na Stanleyville

Om Kiroendoe en Kikambastasie in die Kongo te besoek moes ons van Rwankeri langs Stanleyville. Dis 'n wonderlike reis en die hele ses duisend myl lank het ons goeie paaie gehad. Nooit het ek meer natuurle dorpe gesien nie. Kon ons tog net twee sendingstasies hê op die lang pad van Rwankeri na Stanleyville, die resultate sou wonderlik wees. Ons hoop eerlank hierdie sendingstasie in hierdie digbevolkte deel van Oostelike-Kongo te stig.

#### Kiroendoe en Kikambastasies

Amper twee dae moes ons reis met die trein, motorboot en lorrie om van Stanleyville na Kiroendoe te kom, waar Broeder en Suster Norcott is. Dis 'n pragtige stasie en 'n goeie werk kan hier gedaan word. Broeder en Suster Norcott is gesond en vol moed. Die natuurle hier is baie wild en oorlogsugtig. Tog het die evangelie reeds baie harte verteder. Wat my opgeval het, was die eerbied wat die natuurle vir die huis van die Here gehad het. Die vergaderings was baie geestelik en ons het ons korte besoek aan Kiroendoe geniet.

Ouderling Bozarth en ek het toe Kikamba—vroëer die Kongolo-stasie besoek. Hier het ons Ouderling R. P. Robinson ontmoet wat spesiaal van Bikoobastasie oorgekom het om die kampvergadering te lei. Die vergadering was klein, maar daar het 'n ernstige gees geheers. Op die oomblik kyk 'n natuurwerker na die stasie en hy doen sy bes om die werk op te bou.

#### In die Sakania-distrik

Na die vergadering van Kikamba het Ouderling Bozarth huis toe gegaan en ek na Elisabethville teruggekeer. Daar het

ek Broeder Vail ontmoet en saam met hom in die Sakaniadistrik vergadering gaan hou. Hoewel die opkoms nie so groot was nie het die wat opgekom het, gewys dat hulle na 'n dieper ervaring verlang het. Die Here het die ondersoek van Sy Woord geseën en op die laaste dag is daar vier en twintig wat die vereiste tyd in die Bybelklasse deurgebring het, gedoop.

#### Totale Opkoms oor die hele Divisie

Dis van belang om op te merk dat waar die opkoms 'n jaar gelede ongeveer 35,000 mense oor die hele Divisie was, hierdie jaar die opkoms 57,250 siele bedra het. Hierdie groot vermeerdering wys dat hierdie vergaderings in 'n groot behoefte van die natuurle voorsien en dat hulle wonderlik geseën is van die Here as 'n bron van geestelike verheffing vir algar wat onder hul invloed kom. Een uniesuperintendent het voorspel dat daar binne twee jaar een honderd duisend mense hierdie jaarlikse vergaderings sou bywoon. Of dit so sal wees sal ons moet afwag; maar ons kan absoluut seker wees dat die volgende twee jare 'n groot vermeerdering oor hierdie jaar se opkoms sal sien.

Ons het die besoek van Ouderling Elliott baie waardeer. Europeane en Naturelle sal lank sy dienste onthou en ons weet dat hy Afrika 'n warme hart toedra.

Die kampvergaderings van 1933 was dus tot groot seën. Mag die geestelike werk nog baie vrugte afwerp vir die koninkryk van God, is ons gebed.



## Onder die Afgesonderde Gelowiges in Koeroemandistrik

D. A. WEBSTER

DIT was skrywer se voorreg om saam met Broeder en Suster Jan van die Merwe van Mafeking ons gelowiges in die distrikte van Vryburg en Koeroeman 'n besoek te bring. Dit was gedurende die laaste drie weke van Juniemaand.

Een namiddag en aand het ek in Mafeking deurgebring waar ek ook die voorreg gehad het om Broeder en Suster A. N. Ingle, Mej. Fleming en ongeveer twaalf ander persone te ontmoet. Hulle het in die huis van Broeder J. van de Merwe saamgekom vir 'n Bybelstudie, nadat hulle 'n aantal vergaderings in die eetsaal van die stadhuis bygewoon het. Na die studie het hulle geleentheid gekry om te sê hoe hulle vir 'n ongelowige sou duidelik maak dat die Bybel werklik die Woord van God was. Verskeie het toe 'n antwoord gegee, totdat 'n ou broeder opstaan en met 'n gesig waarop mens die blydschap oor die nuwe geloof kon lees, uitgeroep het: "Die verandering wat in my eie lewe gekom het, is voldoende bewys dat die Bybel werklik die Woord van God is."

Hierdie ou man het die kentekens van die sonde gedra. Maar wat 'n verandering! Die hande wat 'n paar maande gelede nog op die Sabbat gearbei het, word nou in gebed gevou. Die lippe wat gewoond was om te vloek en te raas, uiter

nou woorde van lof en dank aan die Here. Die liggaam wat aan die drank verslaaf was, is nou van al die onreinheid gereinig en word beskou as die tempel van God, vol van die Heilige Gees. Die verstand wat eertyds deur tabakrook beneweld was, is nou helder en in staat om geestelike dinge te onderskei.

Die Woord van God is inderdaad skerper as 'n tweesnydende swaard (Hebr. 4:12); want dit neem uit die persoon weg wat geen swaard kan uitsny nie. Waarlik hierdie drievoudige boodskap wat in ons dae oor die wêreld gaan, is 'n wonderlike boodskap. Dit reinig ons en maak ons klaar vir die nuwe aarde.

Die dag na my aankoms het Broeder en Suster J. van de Merwe en ek met die motor die distrikte van Vryburg en Koeroeman ingery. Die eerste dag het ons 150 myl gery en by ou Suster Brandt aangekom. Sy is 82 jaar oud. Haar ongetroude dogter en Broeder en Suster Blignaut het ons ook daar ontmoet. Dit was sonder toe ons by die huis kom, en dit het gelyk of geen mens by die huis was nie, so koud en donker het alles gelyk. Maar toe ons aanklop, het die bewoners ons hartelik ontvang. Die huis was geen paleis nie, dit was maar alles eenvoudig, maar daar binne was baie meer as pragtige meubels; daar was harte oorlopende van die liefde van God. Die meubels was skaars, maar ondanks ons protes het Broeder en Suster Blignaut en jonge Suster Brandt hul warm bedde vir ons opgegee.

Die volgende dag het ons algar met die motor vier of vyf myl verder gery tot by die woning van Broeder D. Brand waar al die broeders en susters uit hierdie buurt saamgekom het om godsdiensoefening te hou. Ons was baie jammer om Broeder Brandt in die bed te vind. Die laaste ses weke ly hy aan 'n hewige aanval van blindedermonsteking.

Na die diens het ons 'n getuiedenisdiens gehou. Algar het deelgeneem. Vanuit sy bed het Broeder Brandt die eerste getuiedenis afgelê. Met trane in sy oë het hy sy *ontrouheid in die betaal van tiende* erken; die Here het sy ve weggeeneem en hom nou in sy liggaam aangetas, totdat hy die reg van die Here sou erken. "Waar julle gaan," was sy woorde, "sê tog vir my broeders en susters om getrou te wees in hul tiendes en offerandes." Dit betaal, broeders en susters, om eerlik teenoor die Here te wees.

In die namiddag het ons nagmaal gehou. Daarna het ons weer na die woning van Broeder en Suster Brandt teruggekeer en na die aandete het ons algar om die vuur gaan sit en die aand deurgebring met liedere sing en gepraat oor die liefde van God en die spoedige wederkoms van die Here. Die 82 jarige Suster Brandt het toe nog 'n gedig uit haar kinderjare opgesê. Haar gemoed was vol lof en dank aan die Here vir Sy liefde en troue sorg oor haar.

Die volgende dag het ons Koeroemantoe gery, maar Broeder Barnard word nie meer daar nie, dus moes ons vyf-en-veertig myle verder na sy plaas, waar hy en sy ag

moederlose kinders ons met vreugde ontvang het. Drie jaar gelede is die moeder van die gesin dood, toe was die jongste kind net sewe maande. Dit was 'n vreeslike ervaring vir ons broeder. Maar die Here het hom ondersteun en geseën. Die oudste dogter Daphne is nou agtien en neem al mooi die plek van die moeder in. Sy het haar hart aan die Here gegee en wil graag Helderbergtoe kom. Toe ek weer op Boelowayo kom, het ek met die susters van ons Dorkasvereniging gepraat met die gevolg dat Daphne volgende jaar Helderbergtoe kan gaan. Dit beteken weer 'n opoffering vir Broeder Barnard, want Daphne is sy reghand. Maar hy ken die waarde van die Christelike Opvoeding, en weet dus dat hierdie stap 'n groot seën vir sy huis beteken. Hulle het behoefte aan ons gebede.

Ons het daar Vrydagmiddag aangekom en Broeder en Suster Van Druten het vir Sabbatdienste oorgekom. Broeder Barnard het ons vertel van 'n man wat Sabbat begin hou het, voor hy ooit van 'n Sewende-dag Adventis gehoor het. Broeder Barnard het dus sy swaar met die kar gestuur om die man te gaan haal. Hy bly vyf-en-twintig myl verderop. Sy naam is Menr. G. J. Corcejes en hy is baie doof. Ons het 'n aangename uur met hom deurgebring. Hy het ons vertel hoe hy en 'n vriend van hom eendag die Sabbatvraagstuk in die Bybel opmerk. Hoe meer hulle dit ondersoek en daarvoor bid, hoe meer hulle uitvind dat Sondag nie die regte dag was nie. Tien jaar gelede het hy die Sabbat begin hou. Verder lig oor ander leerpunte het hy nie gekry nie, en hy was so bly toe Broeder J. van de Merwe hulle vir hom duidelik maak en hom "Bybellesings" vir verder studie afstaan. Hy het net van Carnavondistrik met sy skape getrek. Sy familie bly nog op die plaas.

Ons moes verder, al het dit swaar gegaan om afskeid te neem van Broeder Barnard en familie. Maar die dag kom, waarop ons nie meer afskeid hoef te neem nie. Maandagnore het ons weggegaan en die namiddag het ons op die plaas van Suster Van de Merwe aangekom. Daar het ons elke dag diens gehou en elke aand 'n Bybelstudie gegee. Ongelukkig het Suster Van de Merwe aan haar enkel seer gekry, die gevolg van 'n ongeval met die kar en perde.

Donderdagmore het ons verder die wootyn in getrek, al langs die droë loop van die Koeroemanrivier. Tagtig myl van Koeroeman het ons Broeder en Suster Le Roux gekry. Ondanks die verskriklike droogte was hulle vol moed in die Here, en op Sabbat het verskeie bure die dienste bygewoon,—wel 'n bewys dat hierdie gelowiges hul lig laat skyn.

Na 'n paar dae van aanmoediging op die pad van die hemel het ons hierdie familie weer verlaat en via Koeroeman en Vryburg na Mafeking teruggekeer, nadat ons nog Suster Gregory Willmore besoek het. Hierdie suster was gesond en vol moed in die Here.

## Konvensies in Natal

F. G. CLIFFORD

DIT het ons baie bemoedig om by ons besoek aan die gemeentes in die Tuinkolonie hulle so vol moed en vol entoesiasme vir die vordering van die boodskap te vind.

In Maritzburg het ons in die naweek van 8 tot 10 September sewe dienste gehou. Ons gelowiges het in groot getalle opgekom en daar was 'n ernstige gees onder hulle. Daar is planne gelê om groepe te vorm vir leesstof, Christelike hulp en Bybelwerk. Dit sal ongetwyfeld bepaalde vrugte vir die koninkryk afwerp.

In Durban het ons gedurende die naweek van 15 tot 17 September ook sewe dienste gehou, en daar was 'n lewendige belangstelling in al die onderwerpe. Hulle het ook groepe gevorm en planne gelê vir aggressiewe pogings in die Buurtending. Broeder Ingle Senr. is van plan om elke skip wat die hawe van Durban binne loop, met ons leesstof te besoek. Wie sal sê wat die gevolge gaan wees as ons leesstof gedra word tot aan die eindes van die aarde?

In Maritzburg hou Ouderling Howard, en in Durban Ouderling Le Butt groot Bybelwerkersklasse. Albei die broeders het die dienste met hul hulp ondersteun.

### Die Godsdienstige Boekdepôt

wens algar wat Afrikaanse Bybels bestel het, te verseker dat hulle nie vergeet is nie. Elke order is sorgvuldig geboek en sodra daar 'n nuwe voorraad Bybels kom, sal elke order onmiddellik uitgevoer word. Ons het netnou berig ontvang dat die Britse en Buitenlandse Bybelgenootskap weens die vertraging van die druk van die tweede uitgaaf van die Afrikaanse Bybel nie in staat sal wees om die honderde bestellings wat wag, voor eind November uit te voer nie.

DIE GODSDIENSTIGE BOEKDEPÔT

BUS 256

BLOEMFONTEIN, O. V. S

### Leerjonge Nodig

'n Sewende-dag Adventis wat in die leer wil kom by die verhandel. Doen aansoek by W. Sates, Drury Lane, Maritzburg, Natal.

✻ ✻

### Betrekking Gesoek

SEWENDE-DAG ADVENTISTE, ervaar in naaldewerk en kookkuns, soek 'n betrekking as huishoudster. Gewillig om alles te doen. Skryf aan: J. C. M., "The Pines," Lady Grey, K. P.

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR \_\_\_\_\_ Editor  
J. I. ROBISON \_\_\_\_\_ Assist. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

### SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright \_\_\_\_\_ President.  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Treas. and Auditor  
A. F. Tarr \_\_\_\_\_ Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
M. P. Robison \_\_\_\_\_ Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter \_\_\_\_\_ H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ Religious Liberty Secy.

## Angola News Notes

Elder C. W. Curtis recently made a short trip to the Belgian Congo to study his problems with Elder Wright while he was visiting the Congo Union.

Brother Cadwallader, of the Zambesi Union, is with us at present assisting in the native teachers' institute at the union training school where his help is very much appreciated.

Sister E. A. Buckley who is on coastal furlough, is visiting her home in Durban, having found it necessary to leave a few months before Brother Buckley because of the serious illness of their little girl who has had malaria badly in recent months.

Miss Ruby Visser has been spending a month with Miss Miller who is associated with the Swiss mission. She spent the time studying the Umbunda language and reports a pleasant as well as a profitable visit.

Elder Curtis and Brother Peter Stevenson have recently returned from a trip to Loanda, the capital of Angola. They report a satisfactory visit there both as regards their interviews with the Government and their Harvest Ingathering work.

We were glad to have Doctor Tonge with us through the greater part of our camp-meeting season, his help was very much appreciated by the people of Angola, who treasure many pleasant memories of the doctor and his family while they were labouring in this union.

Recently there have been some additions to our mission families. On June 12, a daughter was born to Brother and Sister E. A. Buckley, on August 8, a son to Brother and Sister O. I. Fields, and on August 22, a daughter to Brother and Sister J. Gnutzmann. We welcome these new arrivals.

Brother and Sister J. D. Baker have been having an unusual amount of fever this year. We trust that Doctor Parsons will be able to give them the much needed help while visiting the Luz Mission.

## Appreciation

D. A. WEBSTER

DURING the past few months the attention of the readers of the OUTLOOK has been centred upon the South African Union Conference. We in the Zambesi Union have watched with great interest the growth of the South African Union Harvest Ingathering tower and we do rejoice with you in the wonderful success that has attended your campaign. We in the north appreciate the untiring efforts put forth from year to year in the raising of funds for holding the ropes in the mission fields.

The success this year in the face of economic conditions is a proof to us that the Lord is behind this movement and that when He says we must go forward we are not to sit down and say it is impossible. We believe that the Holy Spirit has gone before our brethren and sisters in South Africa and has touched the hearts of the people to give liberally for the support of this cause.

Now that the Harvest Ingathering campaign in South Africa is in the past, no doubt the attention of all the readers of the OUTLOOK will be directed toward the northern fields. As far as the Zambesi Union is concerned, I wish to assure you that we have taken hold of the campaign in a strong way and we are confident of reaching our goal of £550.

Our hearts here in the office have been greatly cheered by the co-operation that we have received from our churches and isolated believers throughout the Zambesi Union. At the time of writing (Oct. 4), the total amount collected in the Zambesi Union stands at £466, and this total is divided up amongst the various local fields as follows:

FIELD	AMT. RAISED	GOAL
Rhod.-Bech. Conf.	£290	£300
N. Rhodesia M. F.	111	90
S. Rhodesia M. F.	40	105
Bechuanaland M. F.	25	50
Totals	£466	£550

You will notice from the above figures that the Northern Rhodesia Mission Field has gone over its goal by £21. We rejoice with the Northern Rhodesia field in their accomplishment. We still have two weeks during which to raise the rest of our goal of £550 and believe that this will be accomplished before the campaign closes.

The reports that come in to us from the various parts of the field indicate that all of our brethren and sisters who have gone out this year have really enjoyed it. The experience has brought a blessing both to the solicitors and to those who were solicited. We firmly believe that as a result of our campaign this year some precious souls will be saved in the kingdom of heaven. Our solicitors have gone from door to door not merely with the burden for collecting the means but with a burden for the souls of those who are in darkness. In many cases those solicited

have not given towards the support of this cause but a very good impression has been left behind by the solicitors. A number of our brethren and sisters have told me that at the start certain individuals were very indignant at our soliciting, but at the time of leaving these individuals had calmed down and taken a different view of our work. Surely the Spirit of the Lord has worked upon the hearts of the people, and if our solicitors will always determine to leave a good impression behind it makes it so much easier the following year for those who go out in Harvest Ingathering.

In the Bulawayo church practically one hundred per cent of our membership had a definite part in the campaign and we have reasons to believe that this has been the case in our other European churches. To all of these members we express our hearty appreciation.

A short time ago it was my privilege to visit the isolated believers in the Kuruman section, which is practically a desert, and it was evident that the people in that section were in very bad circumstances. We therefore wondered at first whether there would be any use in our sending Harvest Ingathering papers to this section. However, we felt that it was not for us to say where we should not send the papers and so we sent along a few to each of the isolated believers in this section. I was very much surprised a few weeks ago to receive a letter from one of our believers there stating that he had been out in the Harvest Ingathering campaign amongst his neighbouring farmers and collected something over £3. We were happily surprised to receive this good report and it indicates how the Spirit of the Lord impresses the people to give in spite of their financial circumstances.

In conclusion, I wish to assure our brethren and sisters in South Africa that while we look to the South African Union Conference for the raising of the largest portion of the Harvest Ingathering funds in this Division, we believe in doing our own honest part in helping to keep the missionaries at their posts in every part of the field.

[Since the receipt of this article a telegram has been received stating that the goal of £550 has been exceeded by £15 and the members are still at work. We rejoice in this good word.—EDITOR.]

## Apprentice Wanted

SEVENTH-DAY ADVENTIST youth to become apprenticed to the painting trade. Apply: W. Sates, Drury Lane, Maritzburg, Natal.

## Situation Wanted

SEVENTH-DAY ADVENTIST woman experienced in needlework and cooking seeks position as housekeeper. Willing to do anything. Apply: J. C. M., "The Pines," Lady Grey, C. P.